

Skriflesing: Openbaring 5Teks: **Openbaring 5: 3-5**Sing: **VOORAF SANG-Ps. 118:13,14****TYDENS EREDIENS – Ps. 135:1,3,4 (Sb.45 se wysie?...); Ps. 119:46,47; Ps. 77:1,5;****Sb.5-3 (8):1,2****Openbaring 5**

Rev 5:1 In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was.

Rev 5:2 Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitroep: "Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?"

Rev 5:3 Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie.

Rev 5:4 Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie.

Rev 5:5 Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak."

Rev 5:6 Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is.

Rev 5:7 Hy het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.

Rev 5:8 Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges.

Rev 5:9 Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie.

Rev 5:10 U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer."

Rev 5:11 Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor

Rev 5:12 uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."

Rev 5:13 Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid."

Rev 5:14 Die vier lewende wesens het gesê: "Amen!" En die ouderlinge het gekniel en God aanbid.

Skriflesing: Openbaring 5Teks: **Openbaring 5: 3-5**Sing: **VOORAF SANG-Ps. 118:13,14****TYDENS EREDIENS – Ps. 135:1,3,4 (Sb.45 se wysie?...); Ps. 119:46,47; Ps. 77:1,5;****Sb.5-3 (8):1,2**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, Openbaring 5 staan in die nouste verband met Openbaring 4 waar ons verlede Sondag by Nagmaal was. Dit het gehandel oor die goedheid en die grootheid van ons Here. Die grootheid en goedheid wat gesien kon word, maar aan die einde van hoofstuk 4 gaan dit ook oor die goedheid en grootheid wat gehoor moet word. Dis duidelik sien en hoor, maar die twee hou ook altyd verband met DOEN. In hoofstuk 5 van Openbaring gaan dit in besonder oor wat die Lam van God doen. Ons word voor dinge gestel wat beslis in baie opsigte bo ons menslike begrip uitstyg, maar dan spreek dit direk tot ons elkeen se lewe ook vandag hier. Dikwels hoor ons mense sê waar gaan alles tog eindig of andere sê weer só kan dit darem nie aangaan nie! As ons dit sê of net dink dan moet ons Openbaring 5 nader aan ons bring.

In die hoofstuk sal ons gou erken as ons van mening is so kan dinge nie aangaan nie of waar gaan alles eindig, dan is ons mense wat nie genoeg rekening hou met die feit dat God regeer. Dit is juis die groot erkenning wat in Openbaring 4 gemaak moet word dat God oor alles regeer en dat Hy alleen aanbid moet word. Die troon staan sentraal! Hoofstuk 5 van Openbaring neem niks weg wat in hfst. 4 ons Christus se deugde aan die hand van edelgesteentes en 'n reënboog reg rondom die troon en 24 ouderlinge en 4 lewende wesens na vore gebring het nie.

Nou gaan dit verder want sien Johannes nie net wonderlike dinge rondom die troon nie, maar dit gaan om wat vasgehou word. *In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was ...* Hier het ons beslis nie te make met 'n gewone menseboek of maar sommer 'n gewone boekrol wat daar op aarde ook baie sulke rolle is nie, wat eintlik maar 'n beskrywing kon wees van ons as mense se swakheid en dwaashede en dinge wat ons so verkeerd kan aanpak. Hierdie hemelse boekrol, aan die vóór en agterkant vol geskrywe, is die boek van God. Dit styg bo alle ander geskryfte uit! Selfs die geskryfte wat elders ook genoem word die boek van die lewe, of dalk die boek van jou en my gewete, dit alles is ondergeskik aan die boekrol wat nou ter sprake kom.

Hierdie boekrol gaan oor God se ewige Raadsbesluite! Daarin is vervat die geskiedenis van die kerk, soos dit gister gebeur het, soos dit duisend jaar terug was. Tog is geskiedenis voor God nie net 'n saak van die verlede nie, maar vir God is die dinge wat môre of oormôre of selfs van nou af eers oor honderd of duisend jaar gebeur reeds so bekend en regeer God só daarvoor asof dit ook reeds gebeur het, al lê daar vir die mensdom dalk nog so baie dinge voor. Wie weet want daar is baie wat gebeur, die boekrol is vol geskrywe, voor en agter, en die boek van toekoms en verlede is in God se hand nie twee boeke nie, maar één boek! Watter troos om dit te weet!

Ons kan aanvaar dit wat vanaf Openbaring 6 tot aan die einde van Openbaring staan (Openbaring 22) was ook deel van die boekrol. Dit is 'n boekrol vol geskrywe, voor en agter, maar direk hiermee saam lees ons dit was met sewe seëls goed verseël. Een kant lees ons van 'n oop deur en 'n geopende hemel wat daarop dui daar is toegang tot God. Dit was alles ook deel van hfst. 4.

God is op besondere wyse op hierdie aarde betrokke. Die deur en die lewe in Christus is oop en tog dadelik kom ons by die seëls en ons lees hulle is toe, of anders gestel, hulle was dig verseël. Dit is op die punt wat ons sake van twee kante moet sien. As Jesus vir Johannes 'n geopende deur in die hemel wys dan wys dit vir ons van God se kant gesien is dinge oop. Die Here is besig met hierdie wêreld, ja vanuit die hemel gesien is alles wat op die aarde gebeur oop en bloot. Daar word baie dinge vanuit die oop hemel hier op aarde gerig en gelei.

Dadelik moet ons egter ook van die ander kant probeer kyk. Ons kyk vanaf die aarde na die hemel en dan besef ons nou sien ons nie alles nie. Daar is baie dinge wat gebeur, ja selfs dinge wat met onself gebeur wat ons baie keer baie min verstaan, ek moet dit nie eers probeer verstaan nie. Hoe sal ons nog die groter gebeurtenisse wat baie meer as net ons raak kan verstaan? Ons bly getroos dat die troon van God en alles daaromheen, ja God se grootheid en goedheid, sy trou en regverdigheid, sy alvermoë, sy almag, sy alomteenwoordigheid daaraan kan niks en niemand verander nie.

Dan kom ons wel ook by die punt wat daarop dui dat hierdie aarde vanweë die mens se sonde en die mens wat God aanmekeer uitdaag en uittart, verdien niks beter nie. Ons verdien dat so baie dinge ook baie keer so verkeerd kan loop. Ja dink maar hoe vroeg het dit al gebeur? Die dood van Abel, die gebeure in Genesis rondom Noag en die sondvloed, die bou van die toring van Babel. Die wrede Rigter boek. Wie deur die boek Rigtters lees, leer ken die mens in sy volle wese, niks is daar aan die mens wat ons uit onself goed kan noem nie. Daar is ook geen mens hier wat homself/haarself uit hulleself 'n beter mens as die Rigter-mens kan noem nie.

As God dit nie goed maak nie, kan dit nie goed wees nie. Ja ons eie tyd en omstandighede, die wêreld waarbinne ons lewe, selfs die Postmasburg waarbinne ons lewe hou maar net nie op om God te bevraagteken, om sy trou te minag, om met sy genade te mors. Om by God se kerk verby te leef nie. Hoe baie is daar wat ons met God nie rekening hou nie?! Hoe dankbaar is ek vir waarmee rekening gehou kan word? Hoe lyk my dankbaarheidslewe? Is dit wel gevul met goeie werke, nie sodat ek meer kan verkry soos die welvaart teologie ons wil wysmaak nie, maar die gereformeerde leer sê vir ons ek doen goeie werke, ek doen werklik my deel vir God se Koninkryk omdat ek reeds soveel ontvang het?! Sondag 32 V/A 86 van die Kategismus stel dit

so mooi en duidelik ... Die vraag is - **Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?** Hoor die aangrypende antwoord - ***Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word. Verder, sodat ons vir onself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry, en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen.***

Dis nie maklik nie, maar dis lewensbelangrik. Iemand wat nie werklike dankbaarheid kan utoeleef nie, moet nie maak asof hulle gelowige mense is nie. Geloof en dankbaarheid is die twee kante van dieselfde munt. Nêrens word aan ons belowe dat die dinge maklik gaan wees nie. Daarom besef ons die res van Openbaring is nie 'n sagte lewe met 'n stille riviertjie in 'n bootjie op pad na kammaland nie, nee Johannes sien angswekkende visioene, bloedstollende monster verskynings, dinge wat 'n mens groot kan laat skrik.

Al was die begin van Openbaring 4 so mooi en God se grootheid en goedheid so vertroostend, waar alles rondom die troon sentreer, is dit 'n feit soos 'n koei dat saam met die troon het ons te doen met die boek en dit is 'n toe boek, met sewe seëls dig verseël. Dinge wat nie voor die hand liggend is nie en sommer sito-sito, ja so maklik openbaar sal word nie. Dinge wat ook nie maklik sal verdwyn nie. Alles in die hemel en rondom die troon, selfs die hemelse ouderlinge en die vier lewende wesens is met God se lof ewig besig maar op aarde haper dit! Die wêreld, sou dit aan sy eie lot oorgelaat moes wees, watter gemors sou dit dan nie wees nie.

Ons dink maar net weer aan watter blootstelling en verganklikheid het die wêreld oopgebreek toe 'n ou klein virussie die wêreld ingebreek het en lyk my steeds is dit het einde niet. Net sodra ons dalk dink nou het ons die oplossing, nou het ons die entstof, dan lê ons heil beslis ook nie in 'n bietjie vloeistof wat jou liggaam ingespuut word nie. Nie dat ek sê ons moet nie ent nie, daardie besluit moet elkeen in sy eie gewete in verantwoording voor God met homself/haarself uitmaak, maar dat die virus na so baie inentings weer soos 'n tsunami baie eerste wêreld lande laat rondskarrel laat ons net besef die geslote boekrol het wel seëls wat nie so maklik oopgebreek word nie. Kits oplossings is daar nie ... Daar is nog baie dinge wat vir ons geheim is wat ons

maar net voor God kan klein word in waarheen is Hy met ons oppad?! In Romeine 8 vanaf vers 18 lees ons van 'n sugtende skepping wat geen geheim maak van baie ellende wat die wêreld se deel is en steeds ons deel sal wees. Die geslote boek is net so 'n werklikheid soos die wêreld self. Dit is alles dinge wat Johannes ook tot die grootste hartseer wat daar kan wees, gedryf het. Hy sê self in vers 4 dat *ek het baie gehuil...* Hoe baie is daar nie al in die wêreld gehuil en sal daar nog weer gehuil word. Dit lyk vir Johannes daar is niemand maar niemand wat hierdie boek kan oopmaak en daarin kyk nie.

Dit is in sulke tye wat die kerk haar stem moet laat hoor. As die kerk praat, as daar mense vanuit die kerk na vore tree, soos Johannes dit ook hier voor hom sien gebeur het, dan is dit weereens tyd dat die wêreldling stilbly, want in ons ou natuur is ons almal wêreldlinge, wat baie kan praat en maklik kan praat, maar die Heilige Gees wat die geloof skenk en ook nuwe lewe kan skenk laat Johannes deur sy betraande oë iets merkwaardig hoor. Dis asof die gehoor nou die oë moet voorafgaan. Soos baie dinge vir die gelowige in hierdie ou wêreld, ons gehoor moet ons oë voorafgaan, want by aanskouing gebeur groot dinge maar nog vóór ek kan sien, ja terwyl ek nog net kan hoor dan het die grootste dinge alreeds begin gebeur. Die Woord en so ook ons geloof werk nou maar eenmaal deur die gehoor en nie eerstens deur aanskoue nie.

Hoor dan wat het Johannes kon hoor- Die kerk praat as die ouderling begin praat- Vers 5 -*Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.*

Die woorde van hierdie ouderling moet ons laat besef dat al voel ons so dikwels ons is in 'n verloregeande wêreld en so baie kosbare dinge gaan inderdaad verlore, maar onself is nie verloorders nie. Christus het as die Lam ter slagting Homself moes gee, sy eie lewe lyk soos 'n lammetjie wat dit nie gemaak het nie, ja Hy het ook gelyk soos 'n "verloorder", maar net hier maak ons die grootste fout wat daar seker te make is. Christus het in sy verlorenheid juis gewys waar lê die oorwinning. Nie net kan ons in Hom oorwinnaars wees nie, maar Hy het reeds aan ons gewys hoe belangrik sy oorwinning nou reeds is. As ek nie deel kan en wil vorm van die oorwinning wat Hy reeds behaal het nie, ek is nie deel van die triomftog van die ware kerk wat reeds in Christus

die verskrikkinge van die lewe tegemoet kan gaan nie, dan is die lewe verskriklik en jou einde sal nog aakliker wees.

Om deel van die triomftog te wees, om nou reeds die oorwinning in Christus jou eie te maak is om te glo die Lam het 'n Leeu geword. Hy was Leeu in die hemel, toe word Hy Lam, nou is Hy weer wat Hy is, die Leeu vol van heerlikheid en krag want Hy is waarlik God. Ja, soos 'n Leeu uit die Ou Testament kom Hy na ons aan, die Leeu uit die stam van Juda, maar toe moes Hy geslag word. Die Leeu het 'n Lam geword ... Sy kroon word 'n kruis. Die Eniggeborene van die Vader het deur mensehande gesterf.

Hierdie Lam het nie aan die kruis bly hang nie, nee verlede week het ons Hom al sien optree op die troon, vol van oë, sy heerlikheid is so groot, alleen ietsie van edelgesteentes straal dit uit! Vandag word die simboliek net nog ryker. Sy volle mag spreek in die sewe horings. Die volheid van sy kennis spreek in die sewe oë. Ons beleef ook die volheid van die Heilige Gees wat Hy na alle lande, volke en tale uitstuur. Die Gees wat so wêreldwyd kan werk, werk ook hier in die klein ruimte wat jou en my binneste is. Mag Hy ook daar werk deur nie onverskillig met sy kerk en koninkryk, met sy krag en heerlikheid om te gaan nie.

Sien die hand raak wat nou nie meer die deurboorde hande aan die kruis is nie, al sit die letsels van die kruis dalk nog daaraan, maar dis die hand wat daardie seëls een vir een kan oopbreek. In die res van Openbaring gaan 'n groot deel oor die oopbreek van die seëls. Seël na seël word oopgebreek. Dit alles dui op die uitvoering van God se Raadsplan in hierdie wêreld. Daardie geslote boek wat dui op God se Raadsbesluite vir die wêreld waarbinne ons is, sal oopgemaak word, al is dit 'n breek-proses. Die Lam wat nou die Leeu is, Hy het nou die bevoegdheid, ja die regsbevoegdheid want God se geregtigheid is waaroor alles gaan, ook as dit gaan om die oopbreek van die seëls. Die wêreld waarin ons nou lewe is steeds deel van die breek proses. Alles wat gebeur, selfs die Covid-virus is nie los te maak van die oopbreek van hierdie seëls nie.

En die moederbelofte van Genesis 3 maak die breek proses ook 'n byt-proses. Die slang se kop sou vermorsel word maar dit sê nie dat die slang gaan ophou om jou en my aan die hakskeen te byt nie. Op Golgota is sy kop vermorsel maar die gif sit nog in die tande. Dit waarmee ons daagliks

te make het. Speel met sy tande dan speel jy inderwaarheid met sy gif. Soek na sy byt dan sal hy jou byt!

Van die ander kant gesien, soek Christus, dan sal jy Hom vind. Klop en daar sal vir jou oopgemaak word, bid en weet God sal na j^óu luister, maar soek en bid en klop, nie om jou ontwil nie, maar om God se wil te soek, om aan Hom gehoorsaam te wees, om waarlik God se eer voorop te stel. Wees dankbaar omdat Christus besig is om die seëls oop te breek en Satan dit nie kan doen nie. En as ons weer so bymekaar mag wees, in hierdie ontmoeting met God Self, dan word die eerste seëls oopgebreek.

AMEN